**Gr. 10** **Wiskundige Geletterdheid** Totaal: 50

Tyd: 1 uur

Kwartaal 3, Toets, 2022 – Memorandum

## Vraag 1

Linda is in graad 12 en werk by ‘n nasorg vir ekstra sakgeld. Sy verdien R150 vir ‘n weeksdagskof (Maandae tot Vrydae). Die nasorg is ook Saterdae oop, van 09:00 tot 12:00, en as sy sou inkom vir ‘n Saterdagskof, verdien sy R200.

Linda het die volgende begroting opgestel vir Augustus 2022:

| Inkomste | | Uitgawes | |
|---|---|---|---|
| Maandelikse sakgeld (van ouers) | R1 500 | Selfoon | R500 |
| Ekstra sakgeld (verdien by nasorg) | ? | Klere | R300 |
| | | Vermaak | R350 |
| | | Spaar | R400 |
| | | Busgeld | R380 |

1.1 Indien Linda beplan om tydens Augustus 8 weeksdae en 3 Saterdae by die nasorg te werk, hoeveel sakgeld kan sy vir die maand by die nasorg verdien? (2)

$(150 \times 8) + (200 \times 3)\checkmark = R1\ 800\checkmark$

1.2 Bereken Linda se totale verwagte inkomste vir Augustus 2022. (1)

$R1\ 800 + R1\ 500 = R3\ 300\checkmark$

1.3 Bereken Linda se totale maandelikse uitgawes. (1)

$R500 + R300 + R350 + R400 + R380 = R1\ 930\checkmark$

1.4 Hoeveel geld het Linda na al haar uitgawes oor?

Rond jou antwoord af tot die naaste R100. (2)

$R3\ 300 - R1\ 930 = R1\ 370\checkmark$

$\approx R1\ 400\checkmark$

**[6]**

## Vraag 2 (Rond jou antwoorde korrek af tot twee desimale syfers)

2.1 R2 500 is in ‘n spaarrekening gedeponeer. Dit sal 3,75% enkelvoudige rente per jaar verdien.

2.1.1 Bereken die rente gedurende 1 jaar verdien. (2)

| |
|---|
| $= R2\,500 \times \frac{3{,}75}{100}$ √ |
| $= R93{,}75\ per\ jaar$ √ |

2.1.2 Bereken die rente per kwartaal verdien. (1)

| |
|---|
| $= R93{,}75 \div 12 \times 3$ |
| $= R23{,}44$ √ |

2.2 Sophia belê R5 530 in ‘n spaarrekening wat 4,5% p.j. enkelvoudige rente verdien, Bereken hoeveel sy na 3 jaar in haar rekening sal hê. (3)

| |
|---|
| $R5\,530 \times \frac{4{,}5}{100} = R248{,}85\ rente\ per\ jaar$ √ |
| $R248{,}85 \times 3 = R746{,}55\ rente\ oor\ 3\ jaar$ √ |
| $R5\,530 + R746{,}55 = R6\,276{,}55\ bedrag\ in\ spaarrekening\ na\ 3\ jaar$ √ |

2.3 Mnr. Jacobs se geld het oor ‘n tydperk van **4 jaar** gegroei van R10 450 tot R18 320. Teen watter enkelvoudige rentekoers was sy geld belê? (4)

$$\%rente = \frac{Bedrag\ Rente\ Verdien}{Oorspronklike\ bedrag\ belê} \times 100$$

| |
|---|
| $\%\ rente = \left(\frac{R18\,320 - R10\,450 \surd}{R10\,450 \surd}\right) \div 4 \surd \times 100$ |
| $\%\ rente = 18{,}83\%$ √ |
| |

**[10]**

## Vraag 3 (Rond jou antwoorde korrek af tot twee desimale syfers)

3.1 Beskou die volgende advertensie in die plaaslike koerant:



***Samsung 40 Smart Full HD LED TV***

Kontantprys: R5 799

(insluitend 15% BTW)

Plus afleweringsfooi: R130

3.1.1 Bereken die bedrag BTW wat gehef word. (2)

| |
|---|
| $R5\ 799 \times \frac{15}{115}$ √ $= R756{,}39$ √ |
| |

3.1.2 Indien 'n 5%-korting op die kontantprys aangebied word en die televisie afgelewer moet word, wat sal die koste beloop? (2)

| |
|---|
| $R5\ 799 \times \frac{5}{100} = R289{,}95$ √ |
| $R5\ 799 - R289{,}95 + R130 = R5\ 639{,}05$ √ |

3.1.3 Na verdere ondersoek sien jy dat die televisie ook op krediet d.m.v. 'n huurkoopooreenkoms gekoop kan word. Die ooreenkoms vereis 'n 10%-deposito en maandelikse afbetalings van R320 vir 24 maande.

3.1.3.1. Wat is die depositobedrag? (1)

| |
|---|
| $R5\ 799 \times \frac{10}{100} = R579{,}90$ √ |
| |

3.1.3.2 Wat is die totale bedrag wat oor 24 maande betaal word? (1)

| |
|---|
| $R320 \times 24 = R7\ 680$ √ |
| |

3.1.3.3 Indien die huurkoopooreenkoms gebruik word, wat is die totale bedrag wat 'n koper vir die televisie sal betaal? (2)

| |
|---|
| $R579,90 + R7\ 680\surd = R8\ 259,90\surd$ |

3.1.3.4 Hoeveel rente word oor 24 maande betaal indien die huurkoop-ooreenkoms gevolg word? (1)

| |
|---|
| $R8\ 259,90 - R5\ 799 = R2\ 460,90\surd$ |

3.2 Die volgende kasregisterstrokie toon Lindo se aankope by Spar, bestudeer die strokie en beantwoord die vrae wat volg:

**Spar**
Goedehoop Sentrum, Grabouw
Tel: (024) 534 4860
Belastingfaktuur BTW Nr. 8450125978

| | | |
|---|---|---|
| TEMPO 1ELK | R5,79 | |
| BRUINBROOD 700G | R10,99 | * |
| TAMATIE SARDYNE | R6,99 | * |
| TAMATIE SARDYNE | R6,99 | * |
| PLASTIEKSAK 24L | R0,39 | |
| KONFYT ROLKOEK | R16,99 | |
| PLASTIEKSAK 24L | R0,39 | |
| WORTEL JONK PSAK | R5,99 | * |
| TAMATIE ROMA VV | R12,99 | * |
| MAASKAAS | R16,99 | |
| L/V MELK BOTTEL 2L | R17,99 | * |
| GRABOUW B/WORS | R27,58 | |
| 12 SALDO VERSKULDIG | 130.45 | |
| Kontantafronding | 0.03 | |
| KLEINGELD | 19.55 | |

| Koers | BTW | TOTAAL |
|---|---|---|
| 15% | 12.98 | 86,53 |
| *0,00% | 0,00 | 43.95 |

C0092 #0041 11:27: 36 290712 S48385 R04
Hou asb u kasregisterstrokie as bewys van betaling

3.2.1 Lys die BTW-vrygestelde items op die kasregisterstrokie. $\surd = \frac{1}{2}punt$ (2)

| | |
|---|---|
| Bruinbrood en Melk√ | Tamatie Sardyne√ |
| Wortel Jonk VV√ | Tamatie Roma VV√ |

3.2.2 Watter betaalopsie het die klant gebruik? (1)

| |
|---|
| Kontantbetaling√ |

3.2.3 Bereken die totaal van die BTW-vrygestelde items. (1)

| |
|---|
| $R10{,}99 + (2 \times R6.99) + R5{,}99 + R12{,}99\ + R\ 17{,}99 = R61,94\surd$ |

3.2.4 Wat is die totale bedrag van items waarop BTW gehef word? (1)

| |
|---|
| $R5{,}79 + (2 \times R0{,}39) + R16{,}99 + R16{,}99 + R27{,}58 = R68,13\surd$ |


3.2.5 Bereken die bedrag BTW gehef op die items in vraag 3.2.4. (2)

| |
|---|
| $R68,13\ \times \frac{100}{115} = R59{,}24\ \surd$ |
| $R68,13 - R59{,}24 = R8,89\ \surd$ |

**[16]**

## Vraag 4

4.1 Bereken die omtrek en oppervlakte van die onderstaande saamgestelde figuur: (5)




***Oppervlakteformules***


$Reghoek = lengte\ \times breedte$

$Driehoek = \frac{1}{2} \times basis \times\perp hoogte$

$Sirkel = \pi \times r^2$

| Omtrek | Oppervlakte |
|---|---|
| $13 + 9 + 12 + 14\surd\ = 48cm\surd$ | $= L \times b + \frac{1}{2}.b.\perp H$ |
| | $= 9 \times 12\surd + \frac{1}{2}.5\surd.12$ |
| | $= 138\ cm^2\surd$ |

4.2 Beskou die uitleg van Lila se groentetuin en beantwoord die vrae wat volg:



Die afgebakende area bevat 3 reghoekige houers waarin groente geplant is en 'n watertenk. Die afmetings van die groentehouers is $200\ cm\ \times 1\ m$. Die res van die area word met gras bedek.

**Oppervlakte van 'n sirkel = $\pi \times r^2$**

**Oppervlakte van 'n reghoek = $lengte\ \times breedte$**

4.2.1 Bereken die oppervlakte van die watertenk.
Rond jou antwoord tot die naaste $m^2$ af. (2)

| |
|---|
| $= \pi \times (2{,}25)^2 \surd = 15{,}904 \ldots m^2$ |
| $\approx 16\ m^2 \surd$ |

4.2.2 Bereken die totale oppervlakte van die groentehouers. (3)

| |
|---|
| $200\ cm = 2\ m \surd$ |
| $= 3 \times (2 \times 1) \surd = 6\ m^2 \surd$ |


4.2.3 Die koste van gras beloop tans R45,99 per $m^2$. Bereken die koste om die oorblywende area (wat nie gebruik word deur groentehouers en die watertenk nie) met gras te bedek. (3)

| |
|---|
| $= (14 \times 5) \surd - 16 - 6 = 48\ m^2 \surd$ |
| $Koste = 48 \times 45{,}99 = R2\ 207{,}52 \surd$ |

**[13]**

## Vraag 5

Beskou die onderstaande vloerplan en beantwoord die vrae wat volg:




1:75

5.1 Hoeveel vensters word op die vloerplan aangetoon? (1)

| |
|---|
| 10√ |

5.2 Meet die lengte en breedte van die huis in sentimeter. (1)

| |
|---|
| **Volgens liniaal√** |

5.3 Wat is die werklike afmetings van die huis in meter? (3)

| |
|---|
| **Antwoorde in 5.2** $\div 100 \times 75$√$=$ ***lengte√breedte√*** |
| |

**[5]**

**Totaal:[50]**